e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 Januarie 2010
Jaargang 2 – Uitgawe 44

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die Kerk in 2010

Ons is reeds in die tweede dekade van die 21ste eeu. Die opspraakwekkende eeuwenteling in die jaar 2000 behoort tot die verre verlede. Ons kan met groot dankbaarheid terugkyk oor die afgelope dekade en saam met die Psalmdigter bely dat God ons dag na dag gedra het.

As Kerk het ons soveel stof tot dankbaarheid vir krag en genade wat ons uit hierdie onsekere tye kon put. Die dekade wat voorlê, gaan sonderlinge eise aan die Kerk stel vanweë die snelveranderende tye waarin ons leef. Daar is bepaalde werklikhede wat etlike jare reeds kommer wek en wat die Kerk as uitdagings kan aanpak.

Die getal belydende lidmate van die Kerk het, soos die geboortesyfer onder Afrikaners, die afgelope dekade 'n dalende tendens getoon. Die syfers by lidmate wat belydenis afgelê het en gedooptes toon dieselfde tendense. Dit blyk dat talle jongmense die Kerk verlaat en na ander kerke gaan, emigreer of sommer net buitekerklik word. Dit vra van die Kerk in die volgende dekade indringende selfondersoek en verantwoordbare vernuwing, met 'n eerlike soeke na die regte Bybelse begronding as vertrekpunt.

Na byna twee dekades se ooraanbod van predikante, gaan ons 'n dekade binne waar daar weer 'n groot tekort aan predikante gaan wees. Dit vra vir groter selfstandigheid by lidmate. Die Kerk sal lidmate moet begelei om volwaardige gestuurdes van Jesus Christus in hulle lewenswêreld van elke dag te wees. 'n Groter roepingsbewussyn moet by lidmate gekweek word om die evangelie in die werkplek, op die sportveld en in die sosiale omgewing volwaardig uit te leef. Die moontlikheid kan ondersoek word om persone met die toepaslike gawes op te lei om in verafgeleë gebiede, waar daar 'n nypende tekort aan predikante is, as *ouderling-evangeliste* te funksioneer.

Navorsing dui daarop dat die kerk se invloed in die samelewing geweldig getaan het. Tans is rolprente, musiek, televisie, boeke, die internet, die reg en die familie die sewe dominante sfere van beïnvloeding in die samelewing. Die tweede reeks entiteite wat die samelewing beïnvloed, bestaan onder meer uit die skool, portuurgroep, nuusblaaie, die media en besigheid. Die kerk word beskou as 'n entiteit wat min of geen invloed op die samelewing het. Terwyl die gesin steeds 'n dominante invloedsfeer is, sal gesinne steeds beter toegerus moet word om die koesterplek vir die uitlewing van gesonde Christelike waardes te wees. Aangesien die internet 'n integrale deel is van die sogenaamde *skermgeslag*, kan Facebook en Twitter deur die gemeente op 'n niebedreigende manier aangewend word om jongmense te bereik.

Die Kerk verwerk nog die gebeure van die Algemene Kerkvergadering in 2007, en alle aanduidings is dat die vergadering in September 2010 sy eie kwota uitdagings gaan oplewer. Daaroor gaan daar in die komende jaar nog heelwat in die kerklike media berig word. Hopelik sal debatte oor kontensieuse sake op 'n hoë vlak geskied in aanloop tot verantwoordbare besluitneming. Mag die Kerkvergadering in 2010 'n hoogtepunt wees, 'n rigtinggewende baken vir die tweede dekade van die 21ste eeu.

Ds André Ungerer

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Fanie Hoffman** van Waterberg na die kombinasie Belfast/Waterval Boven
- **Ds Louis Pienaar** se benoeming by Gemeente Pretoria is hernu

Beroep aanvaar

- **Prop Lorret de Leeuw** (beroepafwagtend) na Port Elizabeth
- **Ds Jan Kay** van Vryheid na die kombinasie Vryheid/Utrecht
- **Dr Willem Smith** (beroepafwagtend) na Glencoe (deeltyds)
- **Ds Louis Pienaar** (benoeming) na Pretoria (benoeming)
- **Ds Petri van Rooyen** van Rooihuiskraal na die kombinasie Joachim Prinsloo/Ruskoppies

Beroep bedank

- **Ds Fanie Hoffman** van Waterberg na die kombinasie Belfast/Waterval Boven
- **Ds Anneke Viljoen** (beroepafwagtend) na Pietermaritzburg

Vakante standplase

- Die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Gobabis** is vakant. Dit is die doelwit van die gemeente om die standplaas binne twee jaar te omskep in 'n volledig versorgde standplaas. Belangstellende predikante met minder as drie jaar in die bediening word genooi om 'n CV in te dien **voor 17 Januarie 2010**. Gobabis is 'n plattelandse gemeenskap in Namibië, 110 km van die Botswana-grenspos. Die gemeente het vier dorpswyke en vier plaaswyke, en besoekpunte is tot 140 km weg van Gobabis.

  Kontak John Venter (skriba) by 264 62 568422 of **jventer@mtcmobile.com.na**, of ds Drikus Engelbrecht (konsulent) by 264 61 223567 of **sailor@mweb.com.na** vir meer besonderhede.

- **Gemeente Theresapark** se huidige predikant aanvaar op Sondag 28 Februarie 2010 emeritaat. Die gemeente wil so gou moontlik daarna die vakante **volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat oor minstens 10 jaar ervaring in die bediening beskik. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag saam met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 31 Januarie 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Hennie Venter, by Posbus 43524, Theresapark 0155, of per e-pos na **nhtheresapark@absamail.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Wilhelm Coetzer**, sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV), is aan die einde van verlede jaar geopereer vir die verwydering van twee breintumors. Hy ontvang tans verdere behandeling. Die Kerk se voorbidding word vir dr Wilhelm, sy vrou Tessa en hulle kinders gevra.

- Dit gaan baie beter met **mnr Manie Dreyer**. Sy kanker is in remissie en hy werk weer voltyds. Voorbidding word steeds vir hom gevra.

- **Emeritusprof Eddie Engelbrecht** het teen die einde van verlede jaar 'n operasie aan sy stembande gehad. Ons is dankbaar dat alles goed verloop het.

- **Ds Faan Visser** van Lichtenburg-Oos was gedurende 2009 baie siek. Hy het besluit om aansoek te doen om medies ongeskik verklaar te word. Meelewing word met ds Visser betuig.

- Die **eggenote van** emerituspredikant **ds Jan Schroeder**, Petronella, was in Desember ernstig siek. Dit gaan nou beter met haar, maar voorbidding word gevra vir die egpaar.

- **Ds Kathleen Smith** van Gemeente Kaapstad **se vader** was baie siek. Ons vertrou dat dit nou beter met hom gaan.

- **Ds Louis Pienaar** van Gemeente Pretoria se ouers is albei gedurende die vakansietyd oorlede. Sy moeder, Tina, is op 18 Desember, 'n dag na haar 90ste verjaardag, oorlede, en sy vader, Louis, op 3 Januarie. Hulle was jare lank lidmate van die gemeente in Kaapstad/Bellville. Louis se vader was in sy tagtigs steeds ouderling en sy moeder lid van die NHSV. Meelewing word met ds Louis en sy naasbestaandes betuig.

- **Ds Con Pieterse se moeder**, mev Kosie Pieterse, is op 6 Januarie oorlede. Haar roudiens het plaasgevind uit Gemeente Primrose-Oos op Maandag 11 Januarie. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

- **Dr Johan Venter**, seun van wyle dr PW Venter, en sy vrou Elzabé, asook hul jongste seun Christiaan en sy vrou Christine is aan die einde van Desember oorlede toe hulle vliegtuig teen Platberg by Harrismith vasgevlieg het. Meelewing word met hul naasbestaandes betuig.

- **Ds Attie Hattingh**, wat die beroep na Gemeente Delareyville aanvaar het, is op Sondag 10 Januarie deur die gemeente ontvang. Hy is in sy amp bevestig en het daarna sy intreepreek gelewer.

- **Ds Henk Joubert**, wat die beroep na Welgelegen-Pietersburg aanvaar het, word op Sondag 17 Januarie deur die gemeente ontvang. Hy sal na sy bevestiging sy intreepreek lewer. Die Administrateur, mnr Kobus Viljoen, sal by die geleentheid gelukwense aan ds Joubert en groete aan die gemeente oordra.

- **Prop Lorret de Leeuw** word op Sondag 17 Januarie deur Gemeente Port Elizabeth ontvang. Hy word deur die konsulent, ds Danie Taljard, as predikant georden en in sy amp bevestig.

- **Dr Jaco Beyers** van Gemeente Verwoerdburg, wat die benoeming as dosent in Godsdiens- en Sendingwetenskap by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria ontvang het, het besluit om nie die benoeming te aanvaar nie.

- Gebruikers van die ***Almanak*** moet asseblief die volgende **veranderings** aanbring in die 2010-uitgawe:

  - Bl 73: Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (Gemeente Parys) se nuwe e-posadres is **fjmlab@telkomsa.net**.
  - Bl 79: Gemeente Bothaville se nuwe e-posadres is **doutie@vodamail.co.za**.
  - Bl 86: Diak Danie Visagie (Gemeente Weltevreden) se nuwe selnommer is 082 568 8002.
  - Bl 108: Gemeente Morgenzon se nuwe e-posadres is **nhkmorg@mweb.co.za**.

- **Die volgende predikante verjaar van 14 tot 22 Januarie,** en word hartlik geluk gewens:

  - Donderdag 14 Januarie: Di Japie Coetzee, Chris de Beer, Tony Simpson en prof Piet Geyser
  - Vrydag 15 Januarie: Prop Werner Olivier, di Chris Schoeman en Arnold Viljoen
  - Saterdag 16 Januarie: Ds Hannes Viljoen
  - Sondag 17 Januarie: Di Willie Roos en CJ van Wyk
  - Dinsdag 19 Januarie: Ds Martin Slabbert
  - Woensdag 20 Januarie: Ds Martyn Redelinghuys
  - Donderdag 21 Januarie: Di Stephen de Beer, Gerrie Senekal en dr Johan Nel
  - Vrydag 22 Januarie: Ds Wim Slabbert

- Nog 'n hoofstuk in die kort bestaan van **Gemeente Midstream** is Sondag 10 Januarie geskryf toe dr Gerhard Lindeque deur dr Paul de Beer as eerste leraar van die gemeente bevestig is. Die tema van dr Lindeque se intreepreek was *God is met ons op pad.* Verdere geskiedenis is gemaak toe Arno en Marelise Halgreen se seuntjie, Graham, tydens die geleentheid gedoop is. Die geleentheid is ook bygewoon deur dr Fanie Pretorius, namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), en ds Deon du Toit, namens die ring van Pretoria-Wes. Die gemeente se werksaamhede het vandeesweek in alle erns begin met onder andere die inrig van 'n kleuterkerk, wat vanweë die samestelling van die gemeente as 'n prioriteit geïdentifiseer is.

- Die nuutgestigte kombinasie **Joachim Prinsloo/Ruskoppies** het met die uitbring van hul eerste beroep sukses behaal. **Ds Petri van Rooyen** van Gemeente Rooihuiskraal het die beroep aanvaar, wat meebring dat Rooihuiskraal albei sy predikante verloor het nadat dr Gerhard Lindeque die beroep na Midstream aanvaar het. Ds Van Rooyen word eers in Maart in sy nuwe gemeente ontvang en bevestig.

- Predikante van die Kerk moet kennis neem dat die kantoor van die Kommissie van die AKV vir elkeen wat voorheen as huweliksbevestiger aangestel was, aansoek gedoen het om weer as **huweliksbevestigers** aangestel te word soos die nuwe huwelikswetgewing vereis. Predikante kan dus voortgaan om huwelike te bevestig, maar moet let op die nuwe voorskrifte soos dit aan hulle verstrek is.

- **Korrespondensie** vanuit die kantoor van die Kommissie van die AKV word van vanjaar af **hoofsaaklik elektronies** uitgestuur. Net die volgende gemeentes, wat die Kommissie in kennis gestel het dat hulle nie oor e-posfasiliteite beskik nie, sal posstukke ontvang: Brakpan-Harmonie, Dullstroom, Glencoe, Goede Hoop, Komatipoort, Letsitele, Mafeking, Memel, Newlands, Orkney, Outjo, Petrusburg, Pongola, Randfontein Midpark, Reitz, Roossenekal, Sasolburg-Suid, Stella, Vanderbijlpark en Villieria. Indien enige van dié gemeentes intussen e-posfasiliteite bekom het, moet hulle dr Fanie Pretorius of mev Karen Breedt by die Sinodale Kerkkantoor in kennis stel.

- **Ds Theuns Botha**, sy vrou Adri en twee van hulle kinders het in Desember vir bykans twee weke die gemeentes in Bulawayo en Harare besoek. Ds Theuns het Kerseredienste in albei gemeentes en by verskeie ouetehuise gelei. Oral is 'n Kersprogram aangebied waaraan die hele gesin deelgeneem het. Huisbesoek is by talle lidmate gedoen en Kersgeskenke is aan die gemeentelede uitgedeel. Die geskenke is deur lidmate en gemeentes in die Republiek daarheen gestuur. Daar is groot waardering by die lidmate in Zimbabwe vir dié besondere besoek.

- **Ds Joseph Steÿn** en lidmate van Gemeente Stella vertrek op Vrydag 15 Januarie na Bulawayo om die eerste besoek van 2010 af te lê.

- Die besoekprogram vir **Zimbabwe** vanjaar is soos volg:

Bulawayo

16/17 Januarie	Ds Joseph Steÿn
13/14 Februarie	Ds Neels van Tonder
6/7 Maart	Ds Hannes Janse van Rensburg
10/11 April	Ds Martin Jansen van Rensburg
15/16 Mei	Ds Attie Hattingh
5/6 Junie	Ds Hein Kloppers
10/11 Julie	Ds Deon du Toit
14/15 Augustus	Ds Guillaume Rocher
11/12 September	Ds Coenraad Strydom
16/17 Oktober	Ds Johan van Greunen
13/14 November	Dr Fanie Pretorius
11/12 Desember	Ds Peet Swanepoel

Harare

23/24 Januarie	Ds Johan Greyling
20/21 Februarie	Dr Johan Otto
20/21 Maart	Ds Colin Hertzog
24/25 April	Ds Adriaan Roets
22/23 Mei	Ds Thys Redelinghuys
19/20 Junie	Ds Frikkie Viljoen
17/18 Julie	Ds Thomas Dreyer (Wapadrant)
21/22 Augustus	Dr Frans Boshoff
18/19 September	Dr Gerhard Lindeque
23/24 Oktober	Ds Theuns Botha
20/21 November	Dr Fanie Pretorius
18/19 Desember	Ds Thys Redelinghuys

- Aangesien al hoe meer probleme op die grens ervaar word om kosvoorrade deur te neem en omdat die meeste kossoorte nou weer daar beskikbaar is, word gemeentes wat bydraes wil maak, versoek om eerder kontant te gee. Die geld sal dan in Zimbabwe gebruik word om kos aan te koop. Daar is wel gemeentes wat steeds beplan om kosvoorrade saam te neem. Dit kan gedoen word as 'n hele paar lidmate saamgaan, wat probleme by die grens verminder. Gemeentes en lidmate wat steeds bydra, word van harte bedank. Met dié bydraes kan die bediening en die versorging van lidmate in Zimbabwe voortgaan.

Kampe en toere

- **Kom toer saam met *Konteks.*** Daar is net enkele plekke oor. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande**.** Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

- Daar is ook nog net 'n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Basaars en markte

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besonderse inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

ANDER NUUS

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Die **amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** geskied op Dinsdag 26 Januarie in die Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Die Dosentevergadering begin om 10:30.

- Die gedrukte weergawe van die **65ste volume van *HTS*** kan nou aangekoop word. As ’n leser van *HTS* Teologiese Studies/Theological Studies het u toegang tot oorspronklike navorsing op alle terreine wat met teologie verband hou. Die bestelfooi vir die gedrukte weergawe vir 2009, A4-grootte, 653 bladsye, swart teks, kleuromslag (posgeld ingesluit), is vir Suid-Afrika plaaslik R450 (BTW ingesluit) en internasionaal $140 of 120€. Die koste vir die weergawe met kleurteks is (met posgeld ingesluit) vir Suid-Afrika plaaslik R1 450 (BTW ingesluit) en internasionaal $300 of 260€. Bestellings kan geplaas word by Mary Bryon, **orders@openjournals.net**.

  Die bestelvorm kan gevind word by
  http://www.files.ithuta.net/OpenJournals/OrderForms/HTSOrderForm09.pdf.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Saterdag 16 Januarie: NHSV Dagbestuur
  - Maandag 18 Januarie: Redaksie van *Konteks*
  - Dinsdag 19 Januarie: Missionale Bediening

ADVERTENSIES

Advertensievoorwaardes

Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Asseblief, moenie vra dat ons uitsonderings maak nie!
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- Die koste is R100 per plasing, vir ’n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: SENTIK Ads

Met die uitgawe van 4 Februarie breek ons derde Jaargang aan. Die koste per advertensieplasing sal dan verhoog tot R114 om voorsiening te maak vir BTW.

AGTERBLAD

Spogprodukte!

Met die aanbreek van die nuwe jaar is drie pragpublikasies nou gelyktydig by SENTIK beskikbaar.

Die Januarie/Februarie 2010-uitgawe van ***Konteks*** stel die Hervormde Kerk se nuwe korporatiewe identiteit en 2010-jaartema van *Saam in diens* bekend. Dié tema getuig iets van ons wese as kerk: Ons dien, soos Christus. Ons dien saam met ander. Ons dien mekaar. Dit is die enigste manier waarop ons reg kan laat geskied aan ons diensbaarheid teenoor God in wie se diens ons lewe en sterwe. Die buiteblad verkondig ook dat ons in die hand is van die lewende God. Sy hand is die deurboorde hand van Jesus Christus; die wyd uitgestrekte hand van die Heilige Gees oor die hele wêreld. Die Epifanietyd verkondig sy verskyning in ons gebroke bestaan. Die liturgiese kleure is wit en goud – simbole van God se ewigheid, volmaaktheid en grootsheid. So breek die Ewige in die klein ruimte van ons tyd en ons wêreldjie in. In die donkerste uithoeke van die mens se dwaling bring Hy lig en lewe. (Die koste van 10 uitgawes van *Konteks* per jaar is R120.)

Die 2010-uitgawe van die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** is ’n pragstuk met ’n gelamineerde omslag, en kondig ook die jaartema van *Saam in diens* aan. Dit dra terselfdertyd die boodskap van die Kerk se nuwe visuele identiteit. Die boë met die liturgiese kleure van die Kerkjaar bind die ontwerp saam. Daarmee word getuig dat die Kerkjaar die geloofsritme is waarvolgens ons leef. Die voorstelling van die voetewassing en die jaartema staan teen ’n agtergrond met strale wat wyer kring. Daarmee dra ons die boodskap uit dat die evangelieboodskap van diens aan God en aan mekaar, die wêreld uitkringend moet bereik en moet verlig. (Die *Almanak/Bybelse Dagboek* is beskikbaar teen R100 per eksemplaar.)

Die **graad 4-kategeseboeke** (vir die kind en die kategeet), *God is Koning*, word tans aan gemeentes gestuur. Die omslae wys tevrede, gelukkige kinders teen die agtergrond van ’n aardbol, met die wonder van die skepping gesuggereer deur flonkerende sterre om God se Koningskap uit te beeld. Die ontwerp sluit ook aan by die kurwevoorstelling van die Kerk se nuwe korporatiewe identiteit. (Die kategeet se handleiding kos R65 per eksemplaar, en die kind s’n R45 per eksemplaar.)

Kontak mev Susann van Zyl by tel 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of e-pos sentik@nhk.co.za indien u enige van die publikasies wil bestel.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx